Woensdag **25 September**

**Skrifgedeelte: 2 Timoteus 4:1-8**

**Fokusgedeelte: 2 Timoteus 4:2, 3 (AFR83/2020)**

**Ons leef in ’n tyd waar die gesonde Bybelse leer verwerp word**

As uitverkore gelowiges het Paulus en Timoteus met ’n ander lewensdoel gelewe. Hulle geloofsoë het verder gesien as die aardse stryd. Hulle het destyds al gefokus op die koms van Christus wat lewendes en dooies sal oordeel. Daarom die erns om God se Woord, die Bybelse evangelieboodskap te bly verkondig.

Timoteus as jonger persoon moes sonder om skaam te wees dié woord tydig en ontydig verkondig. Die woorde van God was destyds al onwelkom. Sentimente soos: “Dit is nie nou die tyd nie!” sou baie se uitgangspunt wees. Want alhoewel God se Woord troos, weerlê en bestraf dit die ongelowiges en vleeslike gelowiges se sonde en dwase oortuigings.

Destyds al het mense vir hulle leermeesters bymekaargemaak om te preek wat hulle wil hoor. Mense wat getuig dat hulle aan God glo, maar nie verder wil luister wanneer sy woorde hulle verkeerdhede aanspreek nie. Al wat hulle wou hoor, is motiverende en strelende boodskappe.

Só word baie mense vandag nog slagoffers van ’n ander evangelie wat reg klink, maar vol misleidende halwe waarhede is. In ’n wêreld vol fopnuus en mensgesentreerde spiritualiteit is baie min mense toegewyd aan die gesonde leer van die Bybel wat sondes duidelik uitwys sodat ons daarvan kan bekeer.

Om fisiese genesing te kan beleef, is die ongemak van behandeling of ’n operasie onafwendbaar. Geestelike genesing gaan ook gepaard met die ongemak wanneer die Woord ons sondes uitwys. Die Heilige Gees oortuig en werk in ons om Christus se kruisdood te omhels as die enigste geneesmiddel vir sonde sowel as die dood.

Ware geloof werk só bekering van sonde en ’n ywer om tydig en ontydig te getuig teenoor mense wat geestelik siek is as gevolg van hulle ongeloof en sonde. Selfs al verwerp die meeste die genesende leer uit die Woord.

*Sing: Psalm 119-1:1, 17*

*Ds. GA (Regardt) Venter (Krokodilrivier/Brits)*